# GROEI IN JOU ROEPING

# ELKE GELOWIGE IS GEROEP

**1 Pet 4:10**
Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God.

**2 Tim 1:9**
Wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is.

# EERSTE TRAP

Nog nie jou **roeping**, **bediening** ontdek nie:

- Is gered – gaan hemel toe, maar onaktief / oneffektief / passief / dormant
- Ontvang elke Sondag, maar gee nooit nie.
- Lewe in vrees:
  - Vrees vir mense – wat hulle gaan dink.
  - Vrees vir mislukking – bang vir foute.
  - Voel hulle is nie goed genoeg nie.
  - Voel hulle is nie gereed nie.
  - Toeskouer – sit op die paviljoen.



# EERSTE TRAP MENS MOET WEET
## 1. God noem jou "ontroue dienskneg"

**Matt 25:25-26**
**25** omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.
**26** Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.

# EERSTE TRAP MENS MOET WEET

## 2. Regterstoel oordeel gaan ons belonings ontvang

- "Bema" – sitplek van beloning

**2 Kor 5:10**
Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.


**Eff 6:8**
Omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.

**Openb 22:12**
En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.

# TWEEDE TRAP

Het jou bediening ontdek, maar:

- Het seergekry
- Is gekritiseer
- Het tou opgegooi
- Moedeloos geword



**2 Kor 4:8-11**
**8** In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie;
**9** vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie.
**10** Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word.
**11** Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word.

**2 Tim 2:10**
Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid.

# TWEEDE TRAP MENS MOET BESEF

## 1. God het jou nodig

- In Nuwe Testament werk God deur Sy liggaam.
- Ons is die ledemate van Christus – Hy werk deur ons

**1 Kor 12:27**

Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

# TWEEDE TRAP MENS MOET BESEF

## 2. Wêreld, gemeenskap het jou nodig

- Ons is Christus vir die wêreld se behoeftes.
- God het alles aan ons toevertrou – rentmeesters.
- Voorsiening
- Genesing
- Vrymaking
- Vertroosting
- Bemoediging
- Hoop

} Geskied deur God se liggaam

**Rom 6:13**

En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

# TWEEDE TRAP MENS MOET BESEF

## 3. Bly nog steeds gehoorsaam

- Nie daders van die Woord nie.


**Jak 1:22-23**

**22** En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

**23** Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien;

# DERDE TRAP

- Roeping ontdek
- Roeping ontwikkel
- Leef in hulle roeping - daders



# GEVOLG

1. Ontvang meer - verhoging

**Matt 25:23**
Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

2. Geseënd / Vooruitgang

**1 Tim 4:14-15 (AFR)**
**14** Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge.
**15** Wees vlytig in hierdie dinge, leef daarin, sodat jou vooruitgang vir almal duidelik kan wees.

**1 Tim 4:14-15 (AMP)**
Practice and cultivate and meditate upon these duties; throw yourself wholly into them [as your ministry], so that your progress may be evident to everybody.

3. Satisfaksie
   - Gelukkig
   - Vrede
   - In God se perfekte wil